Uithouruiters na grote

• **Elzeth Harmse**

SATERDAG gaan 'n groep Namibiërs in Beaufort-Wes, Suid-Afrika, geskiedenis maak wanneer hulle aan die grootste FEI-uithourit nóg in Suider-Afrika gaan deelneem. Driehonderd perde word by die toernooi verwag.

Die FEI is die internasionale beheerliggaam van perde-uithouritte en Saterdag se rit is 'n een-, twee- en drie-ster op sy ranglys.

Die rit staan amptelik bekend as die *International FEI Challenge* en vier lande het spanne vir die gesogte rit gekies. Hulle is Frankryk, Engeland, Suid-Afrika en Namibië.

Namibië se drie spanne is verlede week amptelik by die kantoor van die Namibiese Sportkommissie aangekondig:

Jong ruiters:
Anna Wucher (spankaptein vir Beaufort-Wes en huidige junior Afrika-kampioen)
Devon Bolleurs
Chante Nell
Susan Badenhorst
Kabous Rossouw
Christine van Zyl
Schalk Burger
Recht Burger
Conrad van der Walt

Senior standaardgewig:
Hannelie Coetzee (spankaptein)
Stefanus Pienaar
Collin Tjanda
Bredell Wessels
Frans Saubek (huidige senior standaardgewig Afrika-kampioen)
Shanie Bosch
Jeremia Goagoseb
Johann Kriel
Simon Hangura

Senior swaargewig:
Rudolf Oosthuizen (spankaptein en huidige senior swaargewig Afrika-kampioen)
Kallie Grunschloss
Gawie Viljoen
Danie Delport
Johan van der Walt
Dawid Botha

Die spanbestuurders is onderskeidelik mnr. Mike Bredenkamp, mnr. André van der Walt en me. Zelda von Schauroth.

'n Aantal Namibiërs gaan neem ook as individuele ruiters aan die rit deel en dit bring mee dat ongeveer 30 perde na Beaufort-Wes vervoer sal word.

Die Ontwikkelingspan van Namibië se Uithouritvereniging (Nera), is ook goed op dreef en die ondersteuning en geleenthede is legio wat aan onbevoorregte ruiters gebied word.

Me. Lientjie Bredenkamp gaan ook die eerste Namibiër wees wat as hoofbeampte by die internasionale rit in Suid-Afrika gaan waarneem.

Mnr. Mike Bredenkamp, president van Nera, het aan *Republikein* gesê: "Die afgelope vier jaar het die Namibiërs stof in die ander ruiters se oë geskop en ons hoop om dit weer te doen."

■ Van links is me. Zelda von Schauroth (FEI-koördineerder vir Namibië), mnr. Rusten Mogane (hoofadministrateur van die Sportkommissie) en mnr. Mike Bredenkamp (president van Nera). Foto: Awie Kruger